

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 27

20 AUGUSTUS 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Benton de Lange in graad 2V en sy familie met die heengaan van hul ouma verlede week. Mag hul familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

RAISIN LEGENDS FONDSINSAMELING
Ons kondig vandag ons eerste wenner van ons Raisin Legends fondsinsameling aan. **Anke-Mari Erasmus in graad 6S** stap vandag met prys van R500 kontant weg, vir die meeste verkope in die eerste week. Baie geluk Anke-Mari! Onthou dat Raisin Legends regdeur die jaar hardloop dus kan u enige tyd by hierdie inisiatief betrokke raak.
Ons bevestig die **nuwe** bestel- en betaaldatums hieronder:

- Raisin Legends bestel- en betaaldatum : **Donderdag, 2 September om 12:00**. Bestelling word dan **Dinsdag, 10 September** afgehaal.

NUWE AFLAAIPUNTE VAN MAANDAG AF

1. Graad R-leerlinge word steeds by die graad R-hek afgelaai.
2. Graad 6 en 7 **met boeties en sussies** kom by die rekenaarsentrumhekkie in.
3. Graad 1 tot 5 kom bydie hoofingang in soos normaal.

OPLAAIPUNTE IN DIE MIDDAG

1. Die graad R-hek vir die graad R'e.
2. Die graad 1- en 2-leerlinge gaan by die graad 2-hek uit.
3. Die graad 3-leerlinge gaan van die graad 2-hek en die hekkie by die rekenaarsentrum gebruik maak.
4. Die graad 4- tot 7-leerlinge, wat 14:15 verdaag, gaan van die graad 2-hek en die ou nasorghek gebruik maak. **(Nie meer die kleinhekkie by die rekenaarsentrum nie!)**

LEERLINGE WAT GEREELD LAAT KOM BY DIE SKOOL

Dit is kommerwekkend hoeveel leerlinge op 'n gereelde basis by die skool laat kom. Ons het die afgelope 10 skooldae 'n opname gemaak van al die leerlinge wat laat kom. Oor die tydperk het die laatkommers gewissel van maksimum 36 leerlinge tot minimum 12 leerlinge per dag. Dit is totaal onaanvaarbaar en ons gaan strenger begin optree.

Ons het vir al die ouers wie se kinders 50% of meer van die dae vir skool laat was, 'n persoonlike 'n brief gestuur om die probleem onder hul aandag te bring. Alle laatkommers sal 'n negatiewe inskrywing op hul kommunikasiekaart ontvang. Ons kyk ook daarna om kinders wat aanhoudend laat kom, nie toe te laat om skool toe te kom nie en die ouers sal hul dan moet huis toe neem. Ons sal dit werklik waardeer as u ons met die probleem kan help.

COVID-19 SKOOL PROTOKOL

Direkte kontak is as u nader as 1,5m van 'n Covid-positiewe persoon is, met 'n masker en langer as 10 minute.

Indirekte kontak is as u verder as 1,5m van 'n Covid-positiewe persoon is, met 'n masker en vir minder as 15 minute.

- As 'n leerling enige griepsimptome toon (hoofpyn, lyfseer, koors) moet u hom/haar asseblief nie skool toe stuur nie. Hou die leerling vir 24 uur dop om te kyk of die simptome verbeter of raadpleeg u dokter.
- As iemand van die huishouding siek is, en daar vermoed word dat hy/sy in direkte kontak met iemand wat Covid het was, hou asseblief die hele huishouding by die huis tot julle sekerheid gekry het dat almal gesond is.
- **As iemand in die huishouding wel vir 'n toets gaan, mag geen lid van die huishouding skool toe kom voor die uitslae beskikbaar is nie.**
- As iemand in bevestigde, direkte kontak was met iemand wat Covid het, moet die persoon in kwarantyn vir 10 dae vanaf die laaste direkte kontak gaan. Hulle kan op dag 5 vir 'n "Rapid" toets gaan, op dag 7 vir PCR toets, of hulle kan vir 10 dae net isoleer.
- Leerlinge wat in indirekte kontak met 'n Covid-positiewe persoon gekom het, kan skool toe kom. Daar moet duidelik onder die leerders se aandag gebring word dat hulle maskers MOET dra en baie deeglik afstand moet handhaaf vir die volgende 10 dae.
- U moet die skool laat weet wat die rede is vir enige afwesighede by admin@lnpark.co.za

SKOOLKOMMUNIKEERDER

Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoofmedium van kommunikasie met u is**.

Om die program gratis op u rekenaar af te laai, moet u net D6 by die Google soekfunksie intik, en die "D6 School Communicator" kan dan afgelaai word. Hierdie program verskyn elke oggend op u rekenaar se skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind.

Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so 'n geval verskyn daar onmiddellik 'n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

Die kommunikeerder kan as ’n toepassing op u androidfoon afgelaai word. Dit werk baie goed en boodskappe en inligting van die skool is dan altyd byderhand.

SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul gesinne.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 23 Augustus	:	Klerewinkel **07:30-12:00**
Di – 24 Augustus	:	**TOETS: Wiskunde Gr. 4 – 7**
Wo – 25 Augustus	:	Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 26 Augustus	:	**NETHEIDSINSPEKSIE** **TOETS: NW Gr. 4 – 7** Beheerliggaam vergadering **: 17:00**
Vr – 27 Augustus	:	Klerewinkel **07:30-12:00**

SPORT & KULTUUR

OUD-LEERLING PRESTEER

Ryan Hol, ‘n oud-leerling van Laerskool Newtonpark vanaf 2009 – 2017, is op 6 Augustus 2021 as die Junior Stadsraad se Burgermeester van Port Elizabeth ingehuldig. Baie geluk met hierdie uitmuntende prestasie en ons wens hom alle voorspoed toe in die amp wat hy nou beklee.

ATKV REDENAARS - UITSLAE

Mé-Jean du Preez (Gr. 7) het aan die ATKV Redenaarskompetisie deelgeneem en beklee die 3de posisie in die Oos-Kaap se Top 10 vir afdeling: Afrikaans Moedertaal - Gr. 6 en 7. Baie geluk !

MNR. EN MEJ. OOS-KAAP LAERSKOLE 2021

Corban en Kirsten Woest in graad 2S het verlede naweek Laerskool Newtonpark verteenwoordig by die Mnr. en Mej. Oos-Kaap Laerskole 2021 kompetisie. Kirsten het die graad 2 afdeling gewen het en Corban was aangewys as die algehele wenner van die junior seuns wat graad 1 tot 5 insluit. Tiaan Riekert in graad 7D was aangewys as die algehele wenner in die senior afdeling.

Corban en Kirsten het ook in Julie aan die provinsiale rondte van Talent Africa deelgeneem. Albei het hulle O.P. kleure verwerf en sal die Oos-Kaap by die Nasionale rondte later die jaar verteenwoordig. Hartlik geluk en sterkte vir die volgende rondte!